

3 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 17:12-26

Fokusgedeelte: Johannes 17:12-26

Gebed om eenheid

Hierdie gebed om die eenheid van die kerk is deel van Jesus se voorspraak as ons Hoëpriester in die hemel. Daar is soveel onenigheid oor soveel sake in die kerk – oor ras, taal, gebruike en vele meer. Dit is deel van ons gelowige opdrag om ons vanaf die hemelvaart tot met die wederkoms daarop toe te lê om die eenheid van die kerk bewaar.

Drie motiverings kan aangedui word:

- dat almal een kan wees net soos Jesus en sy Vader een is (vs 21);
- sodat die wêreld kan glo dat die Vader Jesus gestuur het (vs 21 & 23);
- sodat die wêreld kan weet dat die Vader die gelowiges liefhet (vs 23).

Tot met die wederkoms is die bewaring van die eenheid en die waarheid 'n prioriteitsaak vir elke gelowige. Niemand kan die twee begrippe teen mekaar afspeel asof die een minderwaardig wees teenoor die ander sou wees nie.

Sing: Psalm 133:1, 2

Ds. PK Lourens (Bloemfontein-Oos)